

SKAAPPRODUKSIE OP MEERJARIGE BESPROEIDE WEIDINGS

Casper Nel, Hendrik van Pletzen & Izak Groenewald

Daar heers tans groot belangstelling in intensiewe skaapboerdery op besproeide weidings. Min inligting is beskikbaar oor drakragnorme, skaapproduksie en die ekonomie van so 'n stelsel onder plaaslike omstandighede. 'n Stelselproef is gevolglik deur Casper Nel op die plaas Modderfontein in die Jamestown-distrik uitgevoer om meer inligting oor die onderwerp in te win. Die studie maak deel uit van 'n M-graad in Volhoubare Landbou aan die Universiteit van die Vrystaat onder leiding van prof. Izak Groenewald en Hendrik van Pletzen (Voermol Voere).

'n Proefperseel van 0.9 ha wat met 'n sleepslang-besproeiingstelsel toegerus is, is vir die studie gebruik. Voor vestiging is 250 kg superfosfaat ingewerk en die grond is onkruidvry gehou tot en met vestiging van die weiding in April. Die proefperseel is in vier kampe verdeel om wisselweiding moontlik te maak. 'n Meerjarige weidingmengsel bestaande uit 15 kg vroegblomtype langswenkgras; 10 kg laatblomtype langswenkgras; 5 kg kropaargras; 5 kg meerjarige raaigras; 2 kg rooiklawer en 2 kg witklawer (39 kg in totaal) is gevestig. Een maand na vestiging is 180 kg KAN (50 kg N) toegedien. Die totale vestigingskoste het R2 850/ha beloop. Die weiding is gelos om goed uit te groei en is eers bewei toe die ooie in Augustus begin lam het. 'n Totaal van 600 kg KAN is vanaf Augustus tot Desember as topbemesting op die weiding uitgestrooi. Die weiding is vanaf Augustus tot November met 25 mm/week besproei en in Desember met 30 mm/week wat 'n totaal van 520 mm verteenwoordig.

'n Groep van 30 suiwer geteelde Letelle-ooie is as proefdiere gebruik. Die ooie is op 18 maande ouderdom (tweetand) in drie groepe van 10 elk met drie ramme van drie rasse op die veld gepaar. Die ramme was 'n Letelle ('n dubbeldoelras wat as kontrole gedien het), 'n Dormer (vleiswolras) en 'n Wit Dorper (vleisras). Die ooie is van 1 Maart tot 5 April apart gepaar en daarna as een trop bestuur. Die ooie het op veld geloop met Voermol Proteïenblokke (V10448) teen 150 g/ooi/dag vanaf Mei tot Junie. Gedurende laatdragtigheid het die ooie Voermol Maxiwol produksiekorrels (V15415) teen 300 g/ooi/dag ontvang en die hoeveelheid is in die laaste maand voor lam na 350 g/ooi/dag verhoog.

Die ooie het van 28 Julie tot 31 Augustus gelam. Van die 30 ooie het 28 gelam, met twee tweeling. Sodra 'n ooi gelam het, is sy na die besproeide weiding verskuif en die byvoeding is na Voermol Superlamkorrels (V17425) verander. Die Superlamkorrels is gevoer teen 'n vlak van 500 g/ooi-eenheid (ooi + lam) per dag en die ooie is gebruik om die lammers korrels te leer vreet. Drie weke nadat die laaste ooi gelam het, is byvoeding aan die ooie gestaak en die Superlamkorrels is *ad lib.* in kruiphokke aan die lammers gevoer. Die vrywillige kruipvoerinnname was aanvanklik 150 g/lam/dag en dit het verhoog tot 750 g/lam/dag teen slagouderdom. 'n Totaal van 65 kg Superlamkorrels per lam geproduseer, is gevoer. Die lammers is op 8-weke ouderdom met 'n groeistimulant geïmplanteer. Die lammers is nie gespeen nie en het tot 18 Desember saam met die ooie op die weiding geloop waarna die lammers geslag is. Die gemiddelde slagouderdom van die lammers was 128 dae met 'n gemiddelde gewig van 43.1 kg. Data van die lammers (Letelle en kruisings) is saamgevoeg om 'n verteenwoordigende produksienorm te verkry.

Tabel 1 Gemiddelde produksiedata van ooie met lammers op besproeide weiding

Maatstaf	Hoeveelheid
<u>Ooidata</u>	
Ooimassa een week voor lam	52.5 kg
Ooimassa in Oktober net na skeer	47.5 kg
Ooimassa aan end van proef	52.0 kg
Wolproduksie van ooie	4.3 kg
<u>Lamdata</u>	
Geboortemassa	4.7 kg
42 dae massa	18.3 kg
Finale massa op 128 dae	43.1 kg
Karkasmassa	21.7 kg
Uitslagpersentasie	50.3 %

Die GDT van die lammers was 324 g vanaf geboorte tot 42 dae ouderdom en 288 g van 42 dae tot slag. Die GDT was 300 g van geboorte tot slag. Dit was dus moontlik om lammers van jongooie op ongeveer 4 maande ouderdom direk van hul ma's te laat slag. Die gemiddelde uitslagpersentasie van 50.3% is uitsonderlik goed en dit word hoofsaaklik toegeskryf aan die ureumvrye kruipvoer met 'n 16 % proteïeninhoud, waarvan die meeste van hoë gehalte natuurlike deurvloeiproteïen afkomstig is. Die gemiddelde slaggewigte van die suiwer Letelle-lammers was 20.6 kg; Dormerkruislammers 22.6 kg en Dorperkruislammers 22.5 kg. Die slaggewig van die kruislammers was ongeveer 2 kg swaarder en dit is 'n verbetering van R68/lam (slagprys van R34/kg is verreken). Die lammers is nie geskeer nie en wolinkomste van die suiwer Letelle-lammers sou hierdie verskil verminder het.

Bogenoemde produksiedata is gebruik om 'n raming van brutomarge/ha te maak (Tabel 2). Op grond van die resultate is die aanname gemaak dat die drakrag van die weiding 30 ooie met lammers/ha is. Net 'n gedeelte van die ooie se jaarwolproduksie (5 maande) is in berekening gebring vir die tydperk wat die ooie op die weiding geloop het. Die ooie het tydens laktasie goed gegroei met 'n verbetering in kondisie. Baie goeie voedingsomstandighede tydens laktasie bevorder eiselontwikkeling en die verwagting is dat 40 tot 50 % van die ooie tweeling in hul tweede lamseisoen sal lam. Bemerkingspersentasie, d.w.s. lammers bemark per ooie gepaar, het 'n groot invloed op winsgewendheid en 'n raming van 'n 100 % en 'n 140 % bemerkingspersentasie word in Tabel 2 gedoen. Produkpryse en insetkoste soos wat dit in die tweede helfte van 2008 was, is gebruik. Hierdie tydperk was gekenmerk deur buitengewone stygings in insetkoste. Vestigingskoste van die weiding is oor vyf jaar afgeskryf.

Tabel 2 Beraming van brutomarge by verskillende bemarkingspersentasies

<u>Inkomste</u>	100% Bemark (R/ha)	140% Bemark (R/ha)
Wol (ooie)	2 160	2 160
Vleis (lammers)	22 134	30 988
TOTAAL	24 294	33 148
<u>Uitgawes</u>		
Vestigingskoste	570	570
Kunsmis	4 458	4 458
Besproeiing	270	270
Byvoeding	6 018	7 568
Veeartseny	796	903
TOTAAL	12 112	13 769
Bruto marge	12 182	19 379

Gevolgtrekking

Die weiding het met gemak 30 ooie met lammers per ha van Augustus tot Desember gedra en daar was tydperke wat dit selfs moontlik was om 'n bykomende paar ooie aan te hou. Onder hierdie voedingsomstandighede is dit moontlik om 'n lam op 4-maande ouderdom direk van sy ma te laat slag. Tweetand-ooie is in die proef gebruik en die verwagting is dat lammers van volwasse ooie nog beter sal groei. Goeie diereprestasie is behaal en 'n hoeveelheid van 1 280 kg lammassa (lewendig) of 723 kg karkasmassa per ha is van Augustus tot Desember geproduseer. Die waarde van oomassatoename is nie in berekening gebring nie omdat dit nie 'n bemarkbare produk in die stelsel is nie. Die slaggewig van die kruislammers was ongeveer 2 kg swaarder as dié van die suiwer geteelde Letelle-lammers en hierdie verskil is kleiner as wat aanvanklik verwag is. Daar was nie 'n verskil in die slaggewigte van die Dormer- en Wit Dorperkruislammers nie. Ten spyte van hoë insetkoste, is die berekende bruto marge R1 2182/ha by 'n 100 % bemarkingspersentasie en R19 379/ha by 140 % bemarkingspersentasie. Dit verteenwoordig 'n brutomarge van onderskeidelik R406 en R646/teelooi.

Die aangeplante weiding is 'n kombinasie van meerjarige koelweergewasse. Die produksie en kwaliteit van die weiding neem af in die warmste maande van die jaar (middel Desember tot einde Februarie) en begin weer in die herfs aktief groei. In hierdie studie is slegs die lenteproduksie van die weiding benut wat waarskynlik in die orde van 60 % van die totale jaarlikse produksie is. Die werklike potensiaal van skaapproduksie op besproeide weidings is dus heelwat hoër as die 1 280 kg lammassa/ha wat met die lentegroei verkry is. Indien die weiding slegs met speenlammers benut word, sal die opbrengs en brutomarge waarskynlik hoër wees.